## WES SAHARA

**Bevolking:** 588 000 **Godsdiens:** Moslem 99,9%, Christen 0,01%
**Onbereik**: 100% van totale Bevolking

**HET U GEWEET?** Wes-Sahara is oorweldigend Islamities, met meer as 99% van die bevolking wat **Soeni Islam** aanhang. Die streek se godsdiensbeoefening is diep verweef met sy nomadiese geskiedenis en sluit baie tradisionele gebruike in.

Daar is slegs 'n klein handjievol Christene onder die hele **Sahrawi**-volk van Wes-Sahara. Tog is daar tekens van nuwe groei en getuienis deur versigtige sendingwerk en nasionale gelowiges. Daar is geleenthede om vlugtelinge te bedien deur hulpverlening en ontwikkelingswerk. Baie mense is weens die konflik met Marokko in die tronk Die moeilike politieke en lewensomstandighede maak baie mense ontvanklik. Die **Nuwe Testament**, die **JESUS-film** en verskeie oudiobronne is in **Hassaniya-Arabies** beskikbaar. Bid vir dié wat reeds onder hulle dienwerk asook vir dié wat nog geroep sal word.




Worldometers.info

**Bid asseblief:**

- Vir 'n oplossing vir die dekades lange konflik met Marokko. Bid ook vir die baie mense wat die verlies van geliefdes betreur.
- Dat die krag van die Evangelie bekend sal word onder die Sahrawi-vlugtelinge in Algerië.
- Vir eenheid onder die klein groepie geïsoleerde gelowiges.
- Dat die Sahrawi Jesus sal ontmoet en in Hom as Verlosser sal glo.

*"Sing tot eer van die Here, prys sy Naam,*
*verkondig elke dag sy reddingsdade!"*
*Ps. 96:2*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## MAROKKO (nr 23 op WWL)

**Bevolking :** 38,5 miljoen **Godsdiens :** Moslem 99%, Christen 0,2%
**Onbereik** : 99% van totale Bevolking

**HET U GEWEET?** Marokko se monargie beweer dat hulle afstammelinge van die profeet Mohammed is. Ten spyte daarvan dat die land toenemend deur die Weste beïnvloed word, behou Marokko 'n sterk Islamitiese identiteit. Dit maak dit gevaarlik vir enigiemand wat kies om Jesus te volg, veral jongmense. 'n Groot uitdaging vir beide Marokkaanse en buitelandse gelowiges, is dat dit onwettig is om "'n Moslem se geloof te skud". Dit beteken dat enige gesprek oor geloof met groot risiko gepaard gaan en selfs tot arrestasie kan lei.
Bekeerlinge ervaar dikwels intense druk om hulle geloof te verloën. Taktieke sluit in isolasie, uitwerping uit die familie, geweld en selfs bygelowige indoktrinasie deur imams. Bekeerlinge kan ook hulle werk verloor. Selfs wanneer sommige regters bekeerlinge se sake in die hof handhaaf, maak die druk van families die uitsprake dikwels betekenisloos. Daarom hou baie gelowiges hulle geloof noodgedwonge geheim. *(Open Doors)*




Worldometers.info

**Bid asseblief :**

- Dat God sal voorsien in die behoefte van kerkleiers aan leierskapopleiding en geestelike groei.
- Dat diegene wat hulle tot die Christelike geloof bekeer en erge vervolging deur hul families en gemeenskappe ervaar, ware gemeenskap met ander gelowiges sal vind.
- Dat Christene met wysheid en moed hulle geloof in sal uitleef..

*"Die Here is groot, al die lof kom Hom toe,*
*ontsagwekkend is Hy bo alle gode."*
*Ps. 96:4*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## ALGERIË (nr 20 op WWL)

**Bevolking:** 48 miljoen **Godsdiens:** Moslem 97%, Christen 0,3%
**Onbereik**: 99% van totale Bevolking

**HET U GEWEET?** Oor die afgelope drie jaar het staatsdruk op Protestantse Christene toegeneem tot vlakke wat in dekades nie gesien is nie. Die owerhede het kerke wat reeds gesluit was, gesluit gehou en ander beveel om hulle bedrywighede te staak. Gevolglik moes al **47 gemeentes** van die **Evangeliese Protestantse Kerk van Algerië (EPA)** hulle aktiwiteite staak, en ander onafhanklike kerke het ook opgehou vergader uit vrees vir regeringsoptrede. Hierdie sluitings het die isolasie van Algerynse Christene, van wie die meeste bekeerlinge uit die Islam is, aansienlik vergroot. Benewens die kerksluitings is meer as **50 Christene** die afgelope paar jaar vervolg, met sommige wat opgeskorte tronkstrawwe en boetes ontvang het. Bekeerlinge uit Islam ervaar steeds sterk teenstand van hul families en gemeenskappe, veral in landelike, konserwatiewe en Arabiese gebiede waar die druk en gevare besonder groot is. *(Open Doors)*




Worldometers.info

**Bid asseblief:**

- Dat Christene wat hul kerke verloor het, geloofsgemeenskap sal vind. Bid ook vir vryheid om die Here saam te aanbid.
- Dat God Christene wat uit Islam tot geloof in Jesus gekom het, sal beskerm, end at hulle geestelik sal groei te midde van die bedreigings.
- Dat kerkleiers wat weens hul toewyding aan die evangelie hofsake in die gesig staar, vrygespreek sal word en hul bediening sonder teistering sal kan voortsit.

*"Prys die Here, alle volke, prys die Here om sy eer en mag!*
*Prys die Here om die eer van sy Naam!"*
*Ps. 96:7*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**

## TUNISIË (nr 31 op WWL)

**Bevolking:** 12 miljoen **Godsdiens**: Moslem 99,4% Christen 0,2%
**Onbereik**: 99% van totale Bevolking

**HET U GEWEET?** Voortgesette ekonomiese agteruitgang en werkloosheid, die toenemende invloed van Islamitiese fundamentalisme en 'n streng regeringsbewind beroof Tunisiërs van vertroue in hul land se toekoms.

Christene in Tunisië word aan toenemende druk deur die owerhede onderwerp. Gelowiges word gemonitor, kan in hegtenis geneem en ondervra word, en hul huise kan deursoek word. Vir die eerste keer het die owerhede op ongekende wyse buitelandse Christene gearresteer. Hulle maak valslik gebruik van aanklagte van "mensehandel" om teistering te regverdig. Baie van hierdie gelowiges het hul werk verloor, rassediskriminasie vanuit hul gemeenskappe ervaar of moes uit die land vlug.

Weens hierdie vyandigheid voel Tunisiërs wat vanuit die Islam tot geloof in Christus gekom het, genoodsaak om hul geloof te verberg. Dit lei tot groot isolasie, aangesien hulle nie vryelik vir aanbidding en onderlinge bemoediging kan byeenkom nie.




Worldometers.info

**Bid asseblief:**

- Terwyl betogings teen die eenpartyregering voortduur, bid dat God vryheid vir sy kinders sal bring om hul geloof openlik uit te leef en te beoefen.
- Dat God bekeerlinge uit die Islam sal beskerm, aangesien hulle dikwels ernstige vervolging ervaar. Bid vir moed, volharding en wysheid.
- Dat Tunisiërs wat Jesus volg, geloofsgemeenskap sal vind en as dissipels sal groei, al word hulle dikwels nie toegelaat om vrylik saam te aanbid nie.
- Dat dié wat Christene vervolg, Jesus sal ontmoet en tot geloof in Hom kom.

*"Buig voor die Here by sy heilige verskyning;*
*betoon eerbied aan Hom, almal op aarde.*
*Verkondig onder die nasies: "Die Here regeer."*
*Ps. 96:9,10*

**SAAWE**
**Ena 083 6600 885**